KIXPIRASIE Kwartaal 2 - 2024

Daar vir mekaar

Almal van ons het verskillende talente en gawes, tog kom ons as een liggaam van Christus bymekaar.

Gesels saam:

Deel met mekaar wat julle dink belangrike eienskappe vir ‘n kleingroepleier is. Gesels dan met mekaar watter eienskappe wat genoem is, jy sterk in is en watter dalk minder sterk. Byvoorbeeld, jy kan baie goed ‘n storie vertel, maar jy kan nie ‘n ysbreker speletjie lei nie.

Teks:

“Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets. As die een val, kan die ander hom ophelp. Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om hom op te help nie. As twee langs mekaar slaap, word hulle warm, maar hoe sal een wat alleen is, warm word? Een alleen kan oorweldig word, twee saam kan weerstand bied. 'n Driedubbele tou breek nie maklik nie.”
Prediker 4:9-12

Aktiwiteit:

Deel vir elke kleingroepleier drie stukke tou of wol uit wat ewe lank geknip is. Laat hulle die een kant vasknoop en dan ‘n vlegsel maak. Knoop die onderste punt ook vas dat die “tou” nie uitrafel nie. Skryf op ‘n stukkie karton watter eienskap jy graag die jaar sal aan wil werk. Maak dit vas aan een van die tou se punte. Gebruik dit as ‘n boekmerk in jou Bybel as herinnering dat elke leier mekaar aanvul en sterk maak.

Ons is nie gemaak om ‘n eiland te wees nie - kom ons gebruik die jaar om by mekaar te leer, mekaar te ondersteun en self te groei.

Bid vir mekaar:

Dankie Here, dat ons verskillende dele is, maar tog deel vorm van een liggaam. Dankie dat ons u werk kan doen met die talente en gawes waarmee U ons geseën het. Help ons om mekaar te dra wanneer een swak is.